## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: *BLADSAK* – Lucas Malan

### VERHAAL A: "STOKVEL OP 'N PLAAS" – Justice L Makete

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (Plaas) Lekkerbek | 1 |
| 1.2 | Sipho/Baba Dlamini | 1 |
| 1.3 | • Hy was streng/kwaai.<br>• Hy was verstandig/verantwoordelik.<br>• Hy het mooi na die plaas gekyk/die huis voor die stokvel geverf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4 | klanknabootsing | 1 |
| 1.5.1 | B/... het seker gemaak dat almal iets het om te doen. | 1 |
| 1.5.2 | D/... het nie op die plaas gebly nie, maar het kom kuier en ook gehelp. | 1 |
| 1.5.3 | E/... het seker gemaak dat die formele byeenkoms volgens reëls verloop. | 1 |
| 1.5.4 | A/... het boekgehou van die stokvel se geld. | 1 |
| 1.6 | (Die stokvel het amptelik om) **twaalfuur** (begin). | 1 |
| 1.7.1 | dag van plesier | 1 |
| 1.7.2 | wegkruip | 1 |
| 1.8 | C/die mampoer lekker lank gebrou het. | 1 |
| 1.9 | • Die formele deel van die stokvel is afgehandel.<br>• Na ete het die stokvelgangers lekker gesing en gedans.<br>• Die manne het met mekaar begin baklei.<br>• Die Malaita is gevang en het die omgewing verlaat.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.10.1 | Mandevu het ...<br>• dadelik gegaan toe hulle hom kom roep het.<br>• vir sy vrou gesê om die polisie te bel.<br>• sy eie bakkie en honde gebruik om die Malaita aan te keer/te vang.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.10.2 | • Hulle kon nie alles verniet kry nie.<br>• Die mense wat die eetgoed gemaak het, het geld betaal om dit te doen.<br>• Hulle was nie lede van die stokvel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | Die skrywer ...<br>• vertel hoe die stokvel voorberei word en wat alles daar gebeur.<br>• verduidelik wat die doel van die stokvel is.<br>• gebruik woorde wat by die mense se taal/die geleentheid pas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Ek sou ...<br>• nie skurke/skollies toelaat nie.<br>• geen wapens toelaat nie.<br>• seker maak daar is genoeg sekuriteit/mense wat toesig kan hou/kan seker maak almal is veilig.<br>• geen drank toelaat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "TOM" – Jeanne Goosen**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | • (Aan die) begin van die maand<br>• Vroeg in die maand<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.14.1 | skaafplekke/seerplekke/sere/merke/letsels | 1 |
| 1.14.2 | • (R)100<br>• (Een) honderd<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.14.3 | karretjie/kar | 1 |
| 1.14.4 | varkdraad/draad | 1 |
| 1.15 | • kos/Sy moes kos koop.<br>• skoolfooie/skoolgeld/Sy moes skoolfooie betaal.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.16 | • Hulle kon nie toelaat dat die donkie net loop waar hy wil nie.<br>• Hulle moes keer dat die donkie in hulle groentetuin kom.<br>• Die donkie kon probleme (met ander mense) veroorsaak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17.1 | D/... het 'n oplossing vir elke probleem gehad. | 1 |
| 1.17.2 | C/... was verantwoordelik vir die finansies. | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.17.3 | A/... het diere nie goed versorg nie. | 1 |
| 1.17.4 | E/... het die donkie amper soos 'n mens in die storie laat optree. | 1 |
| 1.18 | • Daar is 'n dam/bosplantasie/koppe langs die erf.<br>• 'n Mens kan nie donkies op die dorp aanhou nie.<br>• Daar was plek vir die donkie om te wei.<br>• Hulle het 'n groot groetetuin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19.1 | manipuleer | 1 |
| 1.19.2 | positiewe | 1 |
| 1.20 | D/nie daarvan gehou het dat die verteller die broertjie kritiseer nie. | 1 |
| 1.21 | • Die broertjie het die saak nie met die verteller/haar bespreek nie.<br>• Die broertjie het geld vir ander belangrike dinge/vir die res van die maand gebruik om die donkie te koop.<br>• Die verteller was verantwoordelik vir hulle geldsake./As hulle sou sukkel met kos en die skoolfooie, sou die verteller 'n plan moes maak.<br>• Die verteller was bang dat die donkie probleme kon veroorsaak/hulle groentetuin sou verniel.<br>• Die donkie en die karretjie was in 'n slegte toestand.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | Die broertjie het ...<br>• die kopie/donkie en karretjie as 'n *bargain* gesien.<br>• gesê dat die donkie hom self sou betaal.<br>• planne gehad om die (lendelam) karretjie self reg te maak.<br>• gedink hulle sou die donkie en karretjie kon gebruik om hulle te help/goed/draad aan te ry.<br>• nie gedink dat die donkie probleme sou veroorsaak nie/planne gehad om plek te maak waar die donkie kon wei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Ek het geleer dat ...<br>• 'n mens eers na iemand moet luister voordat jy kritiseer.<br>• daar altyd twee kante van 'n saak is.<br>• 'n mens nie sommer die ergste moet verwag nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | • Die storie eindig goed/positief/op 'n ligte noot.<br>• Dit lyk of die donkie tevrede is/lag.<br>• Die verteller is nie meer kwaad vir die broertjie nie/het die situasie aanvaar.<br>• Daar is vrede tussen die verteller en die broertjie.<br>• Die broertjie het die donkie gehou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

